# DIE GEMEENTE VAN LAODICÈA

Open. 3:14 En skryf aan die engel van die gemeente van die Laodicense: Dít sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van Elohiem:
Open. 3:15 Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm!
Open. 3:16 Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug.
Open. 3:17 Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie.
Open. 3:18 Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien.
Open. 3:19 Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou.
Open. 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.
Open. 3:21 Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het.
Open. 3:22 Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.

Laodicea was naby die moderne stad Denizli, Turkye, geleë op 'n groot pad wat die Romeine as 'n besigheids- en posafleweringsroete gebruik het. Die stad het iets in die lyn van 'n "banksentrum" geword. Dit was 'n groot uitvoermark vir swart wol, 'n produk wat baie in aanvraag was. Dit was ook die terrein van 'n bekende mediese skool. Dit het 'n groot Joodse bevolking gehad, van wie sommige Christene geword het.

Die hedendaagse besoeker aan Laodicea sal 'n groot gebied vind wat besaai is met gebreekte marmer, toppe van klipmure, en hier en daar openbare geboue, nl. twee teaters, 'n groot stadion en naby daaraan, 'n watertoring, 'n odeon en die nimfeum wat opgegrawe was in 1961 - 1963. Aan die kant van die heuwel net soos 'n mens Laodicea nader, kan 'n mens ook die oorblyfsels van leipype sien wat deel was van die watervoorsieningstelsel vir die stad. Baie, baie meer is natuurlik nog onder die grond.

Laodicea se oorsprong, sover dit tans bekend is, gaan terug na een van die Hellenistiese konings in die middel van die derde eeu v.C. Dit word veronderstel dat Antiochus II dit na sy vrou, Laodicea vernoem het, maar die oorsprong van die stad was alreeds vroeër as dit. Cicero het in die vroeë maande van 50 v.C. in Laodicea gewoon. Een van die versoeke wat Cicero in hierdie tyd van die hand gewys het, was om wilde diere na sy vriende te stuur vir hul speletjies in Rome. (Terloops, Cicero se briewe is 'n uiters vrugbare bron vir besonderhede oor die lewe en persoonlikhede van sy tyd.)

Die stad was op die kruispad van die noord-suid verkeer tussen Sardis en Pergamus en die oos-wes verkeer vanaf die Eufraat na Efese. Laodicea het vinnig 'n ryk stad geword, so ryk dat hulle hulleself kon herbou het sonder hulp van buite, nà die vernietigende aardbewing van 60 n.C. Lank voor die Christelike era was 'n welvarende Joodse kolonie ook reeds daar gevestig. Die stad se reputasie was a.g.v. sy veelvuldige finansiële transaksies waaronder die goeie gehalte raafswart wol wat vanaf swart skape in die omgewing verkry is. Baie van die munte is gestempel met die beeld van Zeus Azeus, die hoofgod van die stad, en moontlik dateer hierdie god van 'n tempel daar van voor Antiochus.

Ongeveer twintig kilometer wes van Laodicea, waar die Lycus-rivier (Çürüksu) deur die Frigiese Poort gaan, was daar vroeër 'n beroemde tempel vir Men Karou. Strabo berig as volg: *"Between Laodicea and Carura is a temple of Men Carus which is held in remarkable veneration. In my own time a great... school of medicine has been established. A market was also held there under the protection of the god"* (Strabo, The Geography of Strabo, vol. 5, 519).

Een van die beginsels van die medisyne in daardie tyd was dat saamgestelde siektes saamgestelde medisyne vereis het. Een van die verbindings wat gebruik word vir die verbetering van die gehoor is gemaak van die spesery nardus (spikenard? 'n aromatiese plant). Galenus sê dat dit oorspronklik slegs in Laodicea gemaak is, hoewel dit teen die tweede eeu n.C. ook op ander plekke gemaak is. Galenus het ook 'n medisyne vir die oë wat van Frigiese klip was, beskryf. Aristoteles het daarvan gepraat as 'n Frigiese poeier. Ramsay probeer verduidelik watter soort medisyne dit was deur te sê dit is nie 'n salf nie, maar iets wat verpoeier kon word en dan op die aangetaste deel versprei kan word. Die term wat Johannes in Openbaring gebruik, is dieselfde as wat Galenus gebruik om die voorbereiding van die Frigiese steen te beskryf (Ramsay, The Letters to the Seven Churches of Asia, bl. 429). Sou hierdie medisinale konkoksies nie 'n rede wees waarom Johannes die Laodicense maan om "salf vir julle oë te koop, sodat julle kan sien" nie?

Johannes het waarskynlik die water van Hiërapolis (Pamukkale) wat net oorkant die vallei van Laodicea was in gedagte gehad toe hy gesê het: "Ek ken al jou weë; jy is nie warm of koud nie. Hoe wens ek jy was óf warm óf koud! Maar omdat jy lou is en nie warm of koud nie, sal Ek jou uit my mond spuug"!

**Laodicea se geestelike probleme**

JaHUsha het Johannes aangesê om 'n brief te skryf oor die heersende toestand in Laodicea en Sy verslag was nie baie gunstig nie. Die gemeente van Laodicea het 'n paar ernstige geestelike probleme gehad.

Om die waarheid te sê, niks in hierdie brief het die kerk van Laodicea geprys nie! Dieselfde boodskap is nog relevant vir vandag, veral vir mense wat groot geestelike lig ontvang het en baie geleenthede gehad het en dit tog nie waardeer het nie. Die brief aan Laodicea het die volgende punte gestel:

- Laodicea was nie warm of koud nie ... "julle is lou" (Openbaring 3:16).
- Laodicea het 'n hoë dunk van hulleself gehad ... "Ek het ryk geword en het aan niks gebrek nie" (Openbaring 3:17).
- Laodicea het nie hulle werklike toestand raakgesien nie ... "julle is ellendig, arm, blind en naak" (Openbaring 3:17).

Min mense hou van enigiets wat lou is. As dit 'n warm dag is en jy maak die yskas oop om iets te drink, verwag jy dat dit koud sal wees! As dit koud buite is en jy besluit op 'n warm koppie koffie, verwag jy dat dit warm sal wees! As dit lou is, is die impuls daar om iets daaraan te doen of om daarvan ontslae te raak.

Ons persoonlike geestelike lewens kan dieselfde wees: "Nie warm of koud nie" wat verwys na 'n "vat dit of los dit" houding. JaHUsha aanvaar nie daardie soort houding nie. Hy sê Hy sal jou "uit Sy mond uitspuug".

"Ryk en sonder gebrek" is nog 'n manier om te sê: "Ek is op my eie en het niemand nodig wat vir my sê wat om te doen nie!" Soos een Bybelvertaling sê: "onbewus daarvan dat jy in werklikheid 'n jammerlike, blinde bedelaar, verslete en haweloos is." (Die Boodskap)

**Drie aanbevelings vir Laodicea**

Die brief wat Johannes aan die Laodicensiese kerk gestuur het, het aanbevelings ingesluit om die lidmate te help om weer op koers te kom. Hierdie selfde middels sal vir ons werk as ons die Meester se raad volg, (Openbaring 3:18).

Die brief bevat drie spesifieke aanwysings. Dit illustreer en weerspieël die beroepe en besighede van die stad, maar is vandag nog vir ons relevant.

- Gelouterde goud.

    "Koop van My goud wat in die vuur gelouter is."

    Die punt is om opreg te wees in mens se geloof en nie vals nie. Johannes se mede-apostel Petrus, het geskryf: "Sodat die egtheid van julle geloof, wat baie kosbaarder is as goud wat vergaan, alhoewel dit deur vuur getoets word, gevind kan word tot lof en eer en herlikheid by die openbaring van JaHUsha Messias." (1 Petrus 1:7). Geloof en liefde is dus die ware "rykdom" wat Christene in hul lewens moet demonstreer. Dit vorm alles saam 'n Christelike karakter gemaak van "suiwer goud".

- Wit kledingstukke.

    "Koop van My wit klere, sodat julle geklee kan word."

    Swart wol het 'n groot deel uitgemaak van die Laodicense se uitvoer. Deur 'n geestelike vergelyking te gebruik, sê Johannes se boodskap dat JaHUsha die swart materiaal in "wit klere" verander, wat die geregtigheid van Messias voorstel. Slegs JaHUsha bied vir ons die ware verlossing.

- Oogsalf.

    "Salf jou oë met oogsalf, dat jy kan sien."

    Die stad van Laodicea was bekend vir 'n mediese skool wat in oorsalf en oogsalf gespesialiseer het. Wat die gemeente betref was geestelike "oogsalf" toepaslik en in verband met die begrip en toepassing van Bybelse waarhede om selfmisleiding op te klaar en die ware visie in verband met JaHUsha as Verlosser te herstel.

**Kan 'n hele gemeente vandag soos Laodicea wees?**

Johannes se brief aan Laodicea is ook 'n profetiese voorstelling oor die geestelike toestande in sommige latere kerke wat ongelukkig die Laodicensiese voorbeeld volg. Die Christelike kerk het baie veranderinge ondergaan sedert die tyd van JaHUsha.

Hoe nader ons aan die wederkoms van JaHUsha kom (Johannes 14:1 - 3), hoe meer kan gesien word dat dieselfde geestelike kondisie wat die Laodicensiese gemeente geteister het, ook in vandag se kerke is. Om die aanbevelings wat genoem word in Openbaring 3:14 - 21 vandag dan ook toe te pas, is dus noodsaaklik.

Die gemeente in Laodicea was die lou gemeente, wat nie koud of warm was nie, net soos die vyf dwase meisies wat sonder olie in hulle lampe op pad na die bruilof was. Let wel, hulle was darem op pad na die bruilof, maar kon nie ingaan in die feessaal nie. Net soos die warmwaterbronne daar naby se water reeds afgekoel was wanneer dit met die kanaal die stad bereik het, so was hierdie gemeentelede. Hierdie mense was naam-Christene, net soos die vyf dwase meisies.

Hulle was ryk en het gedink hulle het niks nodig nie. Waarskynlik het hulle gedink dat hulle deur JaHUaH geseën word omdat hulle so ryk was. Maar JaHUsha skryf aan hulle dat hulle in werklikheid "kaal" rondloop, maar hulle weet dit nie eers nie.

Hulle is brandarm maar hulle weet dit nie eers nie. Hulle is ellendig, arm en blind. Hulle oë kan nie sien nie, hoewel hulle vir hulle goeie oogsalf bekend was. Hulle word aangeraai om liewer van JaHUsha se oogsalf te gebruik sodat hulle kan sien en om ook rein, wit priesterlike klere te kry sodat hulle nie nakend is nie, asook die suiwer goud van Elohiem se Woord sodat hulle werklik ryk kan word.

Weereens word die beeld van 'n deur gebruik: JaHUsha klop aan die deur, nie as 'n verleë Verlosser nie, maar bekleed met Koninklike mag, soos in die gelykenis van Lukas 12:38 waar die eienaar van die slawe terugkom en klop. As Hy jou roep en jy gee gehoor, sal jy saam met Hom die bruilofsmaal van die Lam vier.

Johannes het in "die woorde van die Amein" (Openbaring 3:14), belowe dat vir diegene wat sensitief genoeg was om te hoor en te reageer op wat gesê word, Hy saam met hulle sal maaltyd hou.

> "Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou" (Openbaring 3:20).

Johannes het hierdie reeks briewe aan die Sewe Kerke afgesluit met 'n selfs meer aantreklike belofte van die Gees:

> "Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het." (Openbaring 3:21)

**Wat het Laodicea met my persoonlik te doen?**

Niemand hoef in hierdie geestelike toestand te bly waarin die gemeente van Loadicea was nie. JaHUsha sê vir Laodicea:

> "Kyk, ek staan by die deur en klop."

Al wat jy hoef te doen is om die deur oop te maak! JaHUsha kom dan in jou lewe in, beklee jou dan met Sy geregtigheid, en smeer ook die geestelike oogsalf aan sodat jy geestelik kan begin "sien".

Deur daardie deur oop te maak laat mens JaHUsha in jou hart toe ... en daar is ook einde ten laaste ‘n groot beloning:

> “Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het.” (Open. 3:21)

Sien asseblief ook die videos oor Laodicea ...

- LAODICEA - HISTORY

0-0-0-0-0

AndriYaH
Augustus 2022

Bronne:


- “Om die Skrif te verstaan” en “Skriflyne” deur D.F. du Toit
- Extraction from: ‘Biblical sites in Turkey’ by Everett C. Blade & Anna G. Edmonds
- BibleInfo